191. A. 1 (38)

## ONS BUURLANDE.

'n Blik op die kaart van suidelik Afrika toon aan dat die Unie in die noordooste deur Portugees Oos-Afrika of Mosambiek, in die noorde deur Rhodesië, of meer bepaald Suid-Rhodesië, en in die noordweste deur Suidwes begrens word.[1] Vanuit hierdie gebiede is gebeurtenisse in Suid-Afrika soms beïnvloed, terwyl ons land weer dikwels sy invloed daar laat geld het. Daarom is dit vir ons van belang om van die hooflyne van ons nabure se geskiedenis kennis te dra en ook te weet in hoeverre hulle 'n verband met ons eie geskiedenis op die toneel getree het.

a. Portugees Oos-Afrika.

Die aanraking van die Portugese met wat vandag Portugees Oos-Afrika is, het reeds tydens hul eerste suksesvolle reis na Indië begin: op sy uitreis gaan Vasco da Gama in Januarie 1498 in die buurt van Kaap Corrientes aan land, en op sy tuisreis doen hy weer die kus aan, hierdie keer egter heelwat verder noord. Op die Oos-Afrikaanse kuste het die Portugese met ernstige konkurrensie vanweë die Mohammedaanse, veral Arabierse, handelaars te kampe gekry en dit was eers ná die vernietiging van die Mohammedaanse mag deur Francisco de Almeida in die jare 1505 tot 1509 dat hulle met meer sukses daar kon optree. Maar reeds vóór die finale neerlaag van die Mohammedane is die eerste Portugese pos op die suidooskus van Afrika gestig, t.w. Sofala deur Pedro d'Anhaya in 1505. Van Sofala het die Portugese groot verwagtings gekoester. Dit sou 'n gereelde aanloopplek vir hul skepe word; goud sou hulle van die inboorlinge in die binneland kry; en vanuit Sofala sou hulle hul belange op die kusgebied kon bevorder en beskerm. Hierdie rooskleurige verwagtings is nooit verwesenlik nie. Die baai van Sofala het taamlik vlak en onveilig vir skepe geblyk, en van die verwagte toevloei van goud

[1] Die Betsjoeanaland Protektoraat is 'n vierde buurgebied, maar dit is nie 'n terrein van blanke kolonisasie en ander vername blanke bedrywighede nie, en word dus hier agterweë gelaat.

het daar, vernaamlik as gevolg van ernstige twiste onder die Makaranga in die binneland, weinig tereggekom. Geen wonder dus dat Sofala nie die bloeiende hoofkwartier geword het waarvoor dit oorspronklik bedoel was nie. Na enige jare is dit deur Mosambiek, verder noord, oorskadu wat 'n veel beter aanlêplek vir skepe gebied het en wat ná die bou van fort St. Sebastiaan aldaar in 1558, die hoofsetel van bestuur vir die hele Portugese kusgebied, en tewens die vernaamste verversingspos vir Portugese skepe, geword het.

Uit Suid-Afrikaanse oogpunt is Sofala en Mosambiek, albei taamlik ver in die noorde, nie van soveel betekenis as Lourenço Marques aan Delagoabaai in die suide nie. Delagoabaai is vermoedelik deur Antonio do Campo ontdek, een van die kapteins wat Vasco da Gama op sy tweede reis na Indië in 1502 vergesel het, maar dit is eers sowat veertig jaar later deur Lourenço Marques, na wie die hawestad later genoem sou word, en Antonio Caldeira ondersoek en onder die aandag gebring. Alhoewel die Portugese op grond van prioriteit op Delagoabaai aanspraak gemaak het, het hulle jarelank, inderdaad vir meer as twee eeue, geen permanente pos daar gehad nie; soms stuur hulle skepe vir handelsdoeleindes daarheen, maar owerigens dien die baai slegs as skuilplek vir seerowers en smokkelhandelaars. Aan die optrede van vreemdes is dit toe te skrywe dat die Portugese eindelik wakker geskrik het.

In 1688 stuur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, wat toe reeds 'n sterk kolonie aan die Kaap gehad het, 'n ekspedisie om Delagoabaai op te meet, maar dit was eers in 1721 dat die Kompanjie 'n fort daar laat bou het, nl. Fort Lagoa, wat die eerste bolwerk van blankes op die plek van die huidige Lourenço Marques was. Met erns trag die Kompanjie om die goudhandel te eksploiteer. Van die inboorlinge ruil hy klein hoeveelhede goud, wat waarskynlik van die omgewing van die latere De Kaap-goudvelde afkomstig was, en in 1725 stuur hy 'n ekspedisie die land in wat tevergeefs na die goudvelde gaan soek het. Die

Nederlandse besetting duur tot 1730 toe dit as gevolg van koors en aanvalle van inboorlinghoofde opgehef moes word. Die belangstelling van die Kompanjie in die suidooskus was hiermee nog geensins ~~beëindig~~ uitgedoof nie, en hy het kort daarna weer 'n ekspedisie uitgestuur wat die kus tot by Inhambane ondersoek het, maar tot 'n nuwe besetting van Delagoabaai het dit nie gekom nie.[2]

Toe 'n Portugese geselskap in 1755 weereens in Delagoabaai verskyn, en met die oog op handel enige weke daar vertoef het, het die Portugese getoon dat die baai vir hulle nog nie in vergetelheid geraak het nie. Maar ook hierdie keer het hulle nie tot permanente besetting oorgegaan nie. William Bolts, 'n avonturier-Engelsman, sou hulle egter terdeë laat opskrik. Uitgetree uit die diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, het Bolts daarin geslaag om 'n maatskappy vir handel met Asië te stig, en van Maria Theresia van Oostenryk 'n oktrooi vir die maatskappy te kry. Aan die end van 1776 was hy besig om Delagoabaai te beset en die nodige geboue vir handelsbedrywighede daar op te rig. Nou moes die Portugese haastig handel. Vanuit Goa op Voor-Indië, die hoofsetel van hul bestuur in die Ooste, is 'n goed gewapende mag gestuur wat vir Bolts met sy Oostenrykers sonder veel moeite verjaag het. Daarna probeer Portugal om sy aansprake op Delagoabaai, wat tot dan toe erg vaag en dun was, deur werklike besetting krag by te lê, maar deur faktore wat reeds genoem is, koors en vyandige inboorlinge, en ook deur aanvalle van Franse skepe, is Portugese ekspedisies een na die ander verhinder om Delagoabaai permanent te beset. Eers in 1799 het dit geslaag toe kapt. Louis José met 'n troepemag uit Mosambiek daar aangekom het. Van dié tyd af dateer dus die effektiewe Portugese besetting van Delagoabaai.

Maar Portugal sou hom nog nie seker daarvan voel voordat hy in die negentiende eeu sy aansprake teenoor Engeland verdedig het nie. In 1823 het 'n Engelse ekspedisie onder kapt. William

---

2) Sien in verband met die Kompanjiesbedrywighede die rapport van Jan van de Capelle, 3 Aug. 1723 (Theal, Records of South-Eastern Africa, I, pp. 407-420) en sy joernaal aan boord die Snuffelaar gehou, 1731-1732 (Ibid., pp. 467-506).

Fitzwilliam Owen Delagoabaai besoek en van die inboorlinghoof van Tembe 'n sessie van gebied verkry, sodat Engeland en Portugal in later jare albei op Delagoabaai en sy onmiddellike hinterland aanspraak maak. Naas sy prioriteitsreg kon Portugal aantoon dat die gebied alreeds in 1794 aan hom gesedeer was, maar Engeland wou hom nie laat oortuig nie, sodat die kwessie in 1875, toe die wedloop om gebied in Afrika in alle erns aan die gang was, aan Pres. Macmahon van Frankryk vir arbitrasie voorgelê is. Die President het Portugal gelykgegee;[3] Engeland moes hierby berus, en Delagoabaai het deel gebly van die uitgestrekte Portugese gebied op die suidooskus van Afrika.

Die Portugese het hulle in Portugees Oos-Afrika hoofsaaklik met handelsbedrywighede aan die kus besiggehou, en jarelank weinig of niks gedoen om die binneland te ontgin nie. Weliswaar het hulle soms ekspedisies uitgestuur om die land te ontsluit en om goud, ivoor en slawe te verkry, terwyl ook Portugese sendelinge getrag het om nuwe terreine vir die Katolisisme te verower, maar van blywende blanke kolonisasie in die binneland het daar tot vrywel in die moderne tyd niks gekom nie. Ernstige en stelselmatige ontginning van die landsbronne het eers begin toe Portugal, in navolging van die Engelse Chartered Companies, maatskappye met oktrooie begunstig het. In 1892 is die Companhia de Moçambique, en daarna verskeie kleiner maatskappye, geoktrooieer wat hulle b.v. op suiker- en katoenkultuur, op wynbou, handel en veeteelt in sekere ~~gebiede~~ strekke gaan toelê het.[4]

Die suidelike deel van Portugees Oos-Afrika het vanweë sy geografiese ligging herhaaldelik van belang in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword.[5] Toe die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het, het hulle goed besef dat as hulle volkome onafhanklik

---

3) Hertslet, The Map of Africa by Treaty, II, pp. 701-703.

4) Vgl. Meyer, Das portugiesische Kolonialreich der Gegenwart, pp. 46-51, en A Manual of Portuguese East Africa (Geographical Section of the Naval Intelligence Division, Admiralty), Hoofstukke V en VI.

5) Aangesien die vernaamste aspekte hiervan in ander hoofstukke behandel word, word slegs enkele hoofpunte hier aangestip.

van die Engelse Regering wou wees, hulle ook 'n weg na die see moes hê wat vry van Engelse inmenging sou wees; daarlangs sou hulle noodsaaklike artikels, soos wapens en ammunisie, kon invoer, en ook hul eie produkte kon uitvoer. Dit is dus nie vreemd nie, dat alreeds die eerste Voortrekkergeselskap onder Louis Trigardt, na lange omswerwinge, koers geneem het Delagoabaai-toe waar hulle in April 1838 aangekom het. Hiermee het Trigardt 'n begin gemaak met betrekkinge tussen die Boere en die Portugese, en het hy tegelyk 'n bydrae tot die uitsluiting van die hinterland van die baai gedoen. Sy werk is deur sy seun Karel voortgeset wat in Julie 1838 met 'n Portugese kusvaartuig, die Estrella de Damao, na die noorde vertrek het om 'n geskikte plek vir 'n Boereneersetting te soek. Van verskeie plekke aan die kus, t.w. Inhambane, Sofala, Quilimane en Mosambiek, trek hy diep die binneland in, doen verkenningswerk en dryf tegelykertyd ruilhandel met die inboorlinge.[6] Daarna vaar hy nog veel verder na die noorde, maar dié deel van sy reis lê buite ons bestek. Na 'n afwesigheid van byna twee jaar het hy in Lourenço Marques teruggekeer sonder dat hy 'n geskikte gebied gevind het.

Enkele jare later het ook 'n ander bekende Voortrekker, Andries Hendrik Potgieter, in die rigting van Portugees gebied begin kyk, en reeds aan 'n neersetting in die hinterland van Delagoabaai gedink. Die uitkoms was 'n vriendskaplike ooreenkoms tussen die Potchefstroomse Volksraad en goewerneur Ferreira

---

6) Van Karel Trigardt se reis van Quilimane af na die binneland lees ons in sy Herinneringen wat hy in 1894 vermoedelik persoonlik aan Odé, staatshistorikus van die Suid-Afrikaanse Republiek, meegedeel het, o.a. as volg: „Hier gaat hij 't binnenland in, trekt de Shire over, en komt aan de oever van de Zambezie, wiens loop hij volgt tot aan de watervallen, even zuidelik van het tegenwoordige Sandia" (Preller, Voortrekkermense, II, p. 13). Op grond hiervan kom dr. Preller tot die gevolgtrekking dat Karel Trigardt die Victoria Watervalle dus lank vóór Livingstone ontdek het (Dagboek van Louis Trigardt, Inleiding, p. CXVIII en Voortrekkermense, II, p. 2). Die motivering lyk egter nie baie oortuigend nie, en jonger ondersoekers het tot die konklusie gekom dat Karel Trigardt nie die Victoria Watervalle bereik het nie, maar waarskynlik wel die Kebra Bassa valle (stroomversnellinge), wat nog sowat 500 myl onderkant die Victoria Watervalle lê (sien Krüger, Was Karel Trigardt die Ontdekker van die Victoria-Waterval? in Die Vaderland, 28 Aug. 1936, en Nathan, Die Epos van Trichardt en Van Rensburg, pp. 61-64).

van Lourenço Marques, waarop die verskuiwing van Potgieter se hoofkwartier van Potchefstroom na Ohrigstad in 1845 plaasgevind het; Potgieter wou noord van 26° suiderbreedte wees, die lyn van die Cape of Good Hope Punishment Act, maar hy wou ook onbelemmerde toegang tot die see hê.

Na die vestiging van die Republiek in Transvaal het die Boere in nog nouere betrekkinge met die Portugese gekom. In die besef dat 'n vrye deurweg na die see vir die Republiek 'n lewensvereiste was, het pres. M. W. Pretorius by proklamasie van 29 April 1868, waardeur die grense van die Republiek neergelê is, o.a. die gebied tussen die Mapoetarivier en die see by die Republiek ingesluit, sodat Transvaal hiermee op 'n deel van Delagoabaai aanspraak gemaak het. As gevolg van Portugese protes is die Transvaalse en Portugese regerings vir die eerste keer in noue, amptelike onderhandelings met mekaar gebring, wat op 'n verdrag van „Vrede, Vriendschap, Handel en Grenzen" uitgeloop het: die Republiek het sy aansprake op die betrokke gebied prysgegee, in ruil waarvoor Portugal vername handelskonsessies aan die Republiek verleen het.[7] Enige jare later het die vooruitstrewende pres. Burgers met sy Delagoabaai-spoorwegplan voor die dag gekom, waarvoor hy in 1875 sorgvuldige voorbereidings in Europa gaan tref het. Sy onderhandelinge met Portugal het goed gevlot, maar weldra moes hy uitvind dat daar anderkant die Kanaal heftige agitasie teen sy planne op tou gesit was. Diep teleurgesteld skryf hy aan die Regering te Pretoria: „Bovendien wordt wij oneindig veel moeijelijkheid in den weg gelegd door infame intrigues uit Engeland. Mijn weg wordt letterlijk bezet met spioenen en ons crediet van alle kanten verdacht gemaakt."[8] — Die Imperiale Faktor wou nie duld dat die Boere, buite Engelse hawens om, toegang tot die see sou kry nie, en dat daar onder sulke omstandighede geen sukses op Burgers se grootse planne gevolg het nie, hoef 'n mens nie te verwonder nie. Rhodes, aarts-

7) Krüger, Die Weg na die See, Hoofstuk VII (Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Eerste Jaargang, Deel I).

8) Engelbrecht, Thomas François Burgers, p. 182.

imperialis en geldbaas, wou later verder gaan, en probeer in 1890 selfs om Delagoabaai van Portugal te koop, maar hierteen het die Portugese nasionale trots hom tenénemale verset.

Wat Burgers nie kon regkry nie, het die Kolos van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Paul Kruger, na suksesvolle onderhandelinge met die Portugese, en met behulp van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappÿ, aan die end van 1894 deurgevoer toe die Rand-Delagoabaai-spoorweg voltooi is. So het die noordelike Boererepubliek eindelik deur Portugees gebied sy weg na die see gekry, iets wat toorn en naywer by die Engelsbeheerde lyne, wat tot 'n groot mate deur Rhodes gefinansieer was, opgewek het. Maar vir Engelse verbolgenheid kon daar, afgesien van eiebelang en selfsug, geen rede wees nie, want dit is volkome duidelik dat hierdie verbinding vir Transvaal die verkiesliksste was omdat dit 'n veel langer afstand as die ander spoorlyne deur Transvaalse grondgebied geloop het, en ook die natuurlikste was omdat dit verreweg die kortste en snelste verbinding met die kus was. Hierdie feite is sowat tien jaar later deur die Nasionale Konvensie erken en aanvaar, wat by die stigting van die Unie minstens 50% en hoogstens 55% van invoergoedere na die „competitive area", d.i. die gebied tussen Pretoria, Springs, Krugersdorp en Vereeniging, aan Lourenco Marques toegeken het; die res sou onder al die ander hawens, Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad verdeel word.[9] En tot vandag toe het Delagoabaai, soos uit die jongste amptelike opgawes van die Unie blyk, ruim in die invoer- en uitvoerhandel van die Unie gedeel; goedere ter waarde van miljoene ponde is en word nog steeds daardeur ingevoer en uitgevoer.

Alhoewel Portugees Oos-Afrika vir die grootste gedeelte verwyderd en taamlik afgesonderd van Suid-Afrika lê, het die uiterste suide daarvan, by name Delagoabaai, dus vanaf die Groot Trek van heelwat betekenis in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis geword; in die meer moderne tyd het dit veral op ekonomiese gebied in

9) Vgl. South African National Convention, 1908-1909; Minutes of Proceedings etc., pp. 269-270.

noue betrekkinge met Suid-Afrika getree.

b. <u>Rhodesië.</u>

Die Sambesierivier verdeel Rhodesië in Noord- en Suid-Rhodesië waarvan die laaste, wat hoofsaaklik Matabeleland en Masjonaland beslaan, ons onmiddellike noordelike buurman is, en ons dus hier die meeste interesseer.

Die Groot Trek het die Boere in Transvaal gebring, sodat dit geen verwondering wek nie dat Boerebaanbrekers en -jagters wat oor die Limpopo gegaan het, 'n uiters belangrike rol in verband met die verkenning en ontsluiting van die land ten noorde daarvan gespeel het. Andries Hendrik Potgieter, die genoemde Voortrekkerleier, wat in 1847 met 'n kommando oor die Limpopo getrek het, om die Matabelies in die noorde te gaan straf, het hierdeur die eerste witman geword om van die suide uit diep in die huidige Suid-Rhodesië in te dring. Aan die Shashirivier het hy laergetrek, en vandaar met 'n deel van sy manne tot by die Matopoheuwels gegaan. Na hom volg verskeie ander, hoofsaaklik Boerejagters. In 1859 hou die baasjagters Petrus Jacobs en Jan Viljoen hulle in die westelike dele van Matabeleland besig; hulle gaan daar Matabeleland dieper in en kry selfs van Msilikasi, die Matabele-opperhoof, verlof om in Masjonaland te gaan jag. In dieselfde tyd volg Martinus Swartz die spoor van die grootwild langs die Sambesie; in 1861 besoek hy die Victoria-Watervalle en dring later selfs Barotseland binne wat vandag deel van Noord-Rhodesië uitmaak. Hierdie jagters hoort tot die eerste baanbrekers wat kennis omtrent die naturellelande noord van die Limpopo gaan opdoen het, 'n groot werk waarvoor in die verlede alteveel slegs Livingstone en F. C. Selous gekrediteer is. Ons dien te onthou dat die bydrae van die Boerejagters ten opsigte van Rhodesië ruim so belangrik was as dié van hul tydgenoot, Livingstone, en veel belangriker as dié van Selous, wat eers in 1872 in die jagveld verskyn en van Jan Viljoen leer jag het.[10)]

10) S. D. le Roux verstrek interessante en waardevolle gegewens in verband met hierdie pioniers (Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika, 1760-1890).

Nadat baanbrekers met die land in die noorde kennisgemaak het en die bewoonbaarheid daarvan dus gedeeltelik aan die lig gebring is, het dit die aandag as 'n moontlike nuwe kolonisasiegebied begin trek. Hiertoe het Carl Mauch se ontdekking van goud aan die Tatirivier in 1867 natuurlik nog meer meegewerk. Naas jagters begeef weldra ook goudsoekers hulle terwille van konsessies na Bulawayo, die nuwe Matabelehoofkraal wat Lobengoela — seun en opvolger van Msilikasi — gestig het. Tot diep in die jare tagtig was dit egter nog hoofsaaklik Boere uit Transvaal, jagters en veeboere, wat met Lobengoela onderhandel het, en daarom kan 'n mens ook verwag dat die eerste pogings tot blanke kolonisasie in Matabeleland uit Transvaal sou kom.

Reeds in 1881 het 'n aantal Boere oor die Limpopo gegaan en van hoofde van die Banjaistam by wyse van 'n verdrag verlof gekry om 'n neersetting in Banjailand te stig. Daarna volg belangriker verwikkelinge toe amptelike onderhandelinge tussen die Republiek en Lobengoela aangeknoop is. Hierdie onderhandelinge loop in 1887 daarop uit dat 'n Transvaalse afgevaardigde, Piet Grobler, 'n verdrag met Lobengoela sluit, waarvolgens die Republiek 'n gesant by die kraal van die opperhoof sou hou om oor die belange van Transvaalse burgers in die land te waak. President Kruger het aan uitbreiding na die noorde gedink en was aldus op versigtige en taktvolle wyse besig om die weg daarvoor voor te berei, maar hierdeur kom hy in botsing met Rhodes, wat van Britse gebied van die Kaap tot Kairo gedroom het, en wat met min respek vir versigtigheid en takt hom van drastiese methodes sou bedien.

Rhodes was in dié tyd juis besig om geld, en nog meer geld, vir sy imperialistiese uitbreidingsplanne te verkry. Hiervoor het hy, na 'n harde maar suksesvolle stryd met sy grootste teenstander op Kimberley, die Joodse geldman Barnet Isaacs, alias Barney Barnato, die De Beers Consolidated Mines in Maart 1888 gestig. Kort voor die stigting van hierdie sonderlinge mynmaatskappy, wat hom terwille van Britse gebiedsuitbreiding met

diamante besiggehou het, het Rhodes met skrik van die Grobler-verdrag met Lobengoela verneem. Nou moes hy roer want die Transvaalse regering kon hom voorspring. Met goedkeuring van sir Hercules Robinson, goewerneur van die Kaapkolonie en Britse hoëkommissaris, word eerw. J. S. Moffat na Bulawayo gestuur waar Lobengoela in Februarie 1888 beweeg word om 'n verdrag te teken: hy sou geen verdrae met ander state sluit, en ook geen grond afstaan, sonder toestemming van die Hoëkommissaris nie. Hierdie ooreenkoms was direk in stryd met die gees van die Grobler-verdrag, maar daaroor het Lobengoela hom nie bekommer nie — hy het klaarblyklik meer vertroue in sy nuwe vriende gehad.

Rhodes se volgende stap was daarop bereken om hom beheer oor die minerale rykdomme in Lobengoela se land te gee. Nog in dieselfde jaar stuur hy drie agente, Rudd, Maguire en Francis Thompson, na Matabeleland wat van Lobengoela 'n konsessie verkry waarvolgens hy hulle alle minerale regte in sy gebied afstaan, en hulle beloof om in die vervolg geen konsessies i.s. minerale regte sonder hul toestemming te verleen nie. Lobengoela het egter ook sy prys gehad: hy sou jaarliks £1200 ontvang, en op die koop toe 1000 gewere, 100,000 patrone en 'n stoomboot op die Sambesie.

Maar ook hiermee was Rhodes nog glad nie tevrede nie. Matabeleland en Masjonaland moes volkome Britse gebied word, en met die idee van 'n geoktrooieerde maatskappy, wat gesag daaroor sou voer en moontlike rykdomme sou ontgin, is hy weg Engeland-toe. Die resultaat was die stigting van die British South Africa Company in 1889, populair die Chartered Company genoem, wat ooreenkomstig 'n oktrooi van die Engelse parlement met byna onbeperkte magte in die gebied noord van Transvaal en wes van Portugees Oos-Afrika beklee is.[11] Die Maatskappy sou sy kapitaal van £1,000,000 deur die uitreiking van £1-aandele verkry, waarvan die De Beers Consolidated dadelik 200,000 geneem het.

Die British South Africa Company, onder die voortvarende en

---

11) Hertslet, The Map of Africa by Treaty, I, pp. 174-182.

waaghalsige leiding van Rhodes as besturende direkteur, het geen gras onder sy voete laat groei om Britse invloed en gesag in sy gebied te bestendig nie, waarvoor inderdaad ook goeie rede bestaan het, aangesien daar sprake was dat ekspediesies uit Portugees Oos-Afrika, uit Transvaal en uit Duits Suidwes-Afrika Charterland sou binnegaan. Daarom is die sg. „Pioneer Column", 'n gemengde mag van byna 700 baanbrekers en B.S.A. Co.-polisie, onder leiding van Selous in Junie 1890 na die noorde gestuur. Verskeie forte is in Charterland opgerig, Tuli, Victoria, Charter, en eindelik ook Salisbury, waar Jameson, 'n eertydse Kimberleyse geneesheer en persoonlike vriend van Rhodes, as Administrateur sy hoofkwartier gevestig het. Hier is die kolonne ook ontbind, sodat dit 'n groot aantal koloniste vir die nuwe Britse gebied opgelewer het. Aldus het „Rhodesia" ontstaan, so genoem ter ere van Rhodes.[12]

Deur hierdie Rhodes-politiek is die planne van sowel Transvalers as Portugese, om na die land noord van die Limpopo uit te brei, belemmer. Die konsessies wat Transvaalse burgers in 1881 in Banjailand verkry het, en wat in 1890 opnuut deur die betrokke kapteins bekragtig is, het daartoe aanleiding gegee dat die Banjailand-trek onder leiding van Louis Adendorf georganiseer is. Maar op die oorkantse wal van die Limpopo moes die Boere van Jameson verneem dat Brittanje onder geen omstandighede aansprake van vreemdes in Charterland sou erken nie. 'n Portugese geselskap weer, wat hom in Manikaland begeef het, is deur die Engelse met wapengeweld daar ~~uitgegooi~~ verdryf. Van sulke dinge was Lobengoela 'n passiewe toeskouer, maar onderwyl het daar onrus in sy gemoed ontstaan.

Na die aankoms en ontbinding van die „Pioneer Column" het hy gou gesien dat die doel van sy vriende nie slegs was om goud te grawe, soos hom te verstaan gegee was nie; baie van hulle het

---

[12] Hierdie benaming, wat reeds in 1891 deur sommige gebruik is, is deur die Chartered Company eers in 1895 amptelik aanvaar en deur die Britse regering in 1898 (Hole, The Making of Rhodesia, pp. 337-338).

hulle op die grond gevestig om daar te bly en te boer, en wat vir Rhodes en Jameson 'n pionierskolonne was, moes in die oë van Lobengoela weldra baie na 'n Vyfde Kolonne gelyk het. Sy vrees dat sy land van hom geneem word, het aangegroei en sy impi's — jarelank die trotse heersers in die gebied — het hul asgaaie begin slyp. Toe die Matabelies in Julie 1893 die onmiddellike omgewing van Fort Victoria geplunder het, het Jameson geweet dat oorlog op hande was, waarvoor hy hom dan ook met die goedkeuring van Rhodes, toe eerste minister van die Kaapkolonie, in alleryl gereed gemaak het. Nog voor die end van 1893 het Jameson met 'n groot militaire mag, bestaande uit troepe van die Chartered Company, imperiale polisie uit Betsjoeanaland, blanke vrywilligers en 'n paar duisend naturellekrygers, die veld geneem. Teen hierdie mag, wat o.a. goed van masjiengewere voorsien was, was die Matabelies nie bestand nie. Binne korte tyd is hulle totaal verslaan; Lobengoela het sy hoofkraal aan brand gesteek en na die noorde weggevlug. Hierna het Jameson sy enigste noemenswaardige terugslag van die oorlog gely. 'n Aantal manne onder Forbes en Wilson moes die voortvlugtige agternasit, maar Wilson is met sy manskappe in 'n hinderlaag gelok, en na 'n dappere verweer waarin hul laaste koeël weggeskiet is, is hulle deur die Matabelies uitgedelg.

Op die puine van Lobengoela se hoofkraal het daar 'n dorp ontstaan, na die kraal Bulawayo genoem, wat — soos Salisbury in Masjonaland — die vernaamste blanke sentrum in Matabeleland geword het. In 1896 het die Matabelies 'n wanhoopspoging aangewend om hul land en hul vryheid te herwin, maar dit was tevergeefs en die Chartered Company was nou volkome meester van die gebied. Die Maatskappy het miljoene op die land gespandeer, en hom selfs weinig daaroor bekommer om dividende aan sy aandeelhouers uit te keer. Die telegraaflyn was reeds op Salisbury, terwyl die spoorweg uit Betsjoeanaland na die noorde gekruip het om Bulawayo in 1897 te bereik. Daarby het die gevestigde blanke bevolking, weens toenemende immigrasie, betreklik vinnig ver-

meerder.

Dit het nie lank geduur nie of die gevestigde koloniste het vir 'n aandeel aan hul bestuur begin agiteer, want hier, net soos in baie ander jong lande wat aanvanklik onder die bewind van 'n geoktrooieerde maatskappy gestaan het, was die Chartered Company onder die koloniste al gou taamlik onpopulair. Vandaar dat ooreenkomstig 'n Britse Orde-in-Rade van 20 Oktober 1898 'n Wetgewende Raad vir Suid-Rhodesië in die lewe geroep is, wat uit elf lede sou bestaan, t.w. die Administrateur wat 'n beampte van die Maatskappy sou wees, die Resident-Kommissaris deur die Staatsekretaris aangestel, vyf lede deur die Maatskappy met goedkeuring van die Staatsekretaris benoem, en vier gekose verteenwoordigers van die geregistreerde kiesers.[13] In die volgende jare is daar 'n heftige stryd tussen die koloniste en die Maatskappy gevoer; die koloniste het veral die aansprake van die Maatskappy op al die grond in die Kolonie bestry, en in hul verteenwoordigers in die Raad die aangewese middel gevind om hul saak te bevorder. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog, toe een-vyfde van die Kolonie se blanke bevolking die Britse Ryk te hulp gesnel het, is die plaaslike stryd gestaak, maar daarna is dit in alle erns hervat en in 1908 beskik die koloniste reeds oor 'n meerderheid in die Wetgewende Raad: sewe gekose lede teenoor vyf benoemdes.

In dié tyd is die voorbereidende werk vir die unifikasie van Suid-Afrika gedoen, en o.a. het die Britse Hoëkommissaris, lord Selborne, asook die Kaapse regering onder Jameson as eerste minister, moeite gedoen om Suid-Rhodesië by die voorgestelde unie te betrek.[14] Op uitnodiging het die Kolonie ook drie afgevaardigdes gestuur om, sonder reg van stemming, die Nasionale Konvensie in Oktober 1908 in Durban by te woon.

Suid-Rhodesië het egter meer vir die behoud en uitbouing van sy eie bestuur as vir aansluiting by 'n Suid-Afrikaanse unie gevoel. Gevolgelik set die koloniste hul opposisie teen die

---

13) Volledige teks in Newton, Select Documents relating to the Unification of South Africa, I, pp. 143-163.

14) Vgl. Ibid., II, pp. 38-54.

British South Africa Company voort en ywer nou tegelykertyd vir verantwoordelike regering. Daar was wel nog baie van hulle wat vir die verantwoordelikhede, veral finansiële, van verantwoordelike regering gevrees het, maar in 1920, toe hulle reeds oor dertien gekose verteenwoordigers in die Wetgewende Raad beskik het, het twaalf uit die dertien die onmiddellike toekenning van verantwoordelike regering geëis. Nou was dit volkome duidelik dat die bestaande toestand nie langer kon voortduur nie. Voorbereidings vir die opheffing van die Maatskappy se bestuurlike magte is getref, en o.a. is daar ook vasgestel watter som hy vir sekere bates in die kolonie sou ontvang. Daarna vertrek sir Charles Coghlan, een van die vooraanstaande Rhodesiese politici van dié tyd, met 'n deputasie na Londen om 'n konsepkonstitusie aan die Koloniale Kantoor voor te lê.

Juis in hierdie tyd het daar opnuut 'n beweging vir inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie ontstaan, wat onder omstandighede begryplik is. Sommige Rhodesiese koloniste het nog steeds huiwerig teenoor verantwoordelike regering gestaan, en daarby het genl. Smuts, destyds eerste minister van die Unie, besonder gunstige voorwaardes vir die toetrede van Suid-Rhodesië aangebied, o.a. tien verteenwoordigers in die Volksraad en vyf in die Senaat. Toe genl. Smuts persoonlik 'n reis deur Suid-Rhodesië gaan doen het, het hy daar so 'n goeie indruk gemaak dat dit werklik gelyk het of die inlywingsbeweging redelike kans op sukses het. Die kwessie is op 27 Oktober 1922 aan 'n referendum onderwerp, waarby dit vir Rhodesiërs dus gegaan het om óf aansluiting by die Unie óf verantwoordelike regering vir hulleself. Die uitslag was egter 'n besliste oorwinning vir die voorstanders van 'n eie verantwoordelike regering want hulle het 'n meerderheid van byna 3,000 stemme gekry: 8,774 teenoor 5,989. Die volgende jaar is die politieke mag van die Chartered Company opgehef[15] en het

15) Die Maatskappy het egter sy minerale regte in Suid- en Noord-Rhodesië behou. In Suid-Rhodesië is hy deur die Moffat-regering in 1933 vir £2,000,000 uitgekoop, maar in Noord-Rhodesië het hy minerale regte nog steeds bly behou (Malcolm, The British South Africa Company, 1889-1939, pp. 46-55).

Suid-Rhodesië verantwoordelike regering gekry; sir John Chancellor is as eerste goewerneur benoem, terwyl sir Charles Coghlan, ná die verkiesing vir die eerste Wetgewende Vergadering vroeg in 1924, die eerste premier geword het.

Op ekonomiese gebied het Suid-Rhodesië in die laaste jare heelwat vordering gemaak. Met mielies, beeste en tabak, waarvan die laaste twee 'n goeie afset in die Unie vind, het die boere vooruitgegaan, terwyl mynbou, insonderheid goud, ook 'n rol in die landsvooruitgang gespeel het, al is dit ook dat Rhodes se doel om 'n „tweede Rand" daar te laat ontwikkel, op verre na nie verwesenlik is nie. 'n Ander noemenswaardige bron van inkomste is die toeristeverkeer, grotendeels van mense uit die Unie, wat na die Victoria Watervalle, die Simbabwe Bouvalle, die Rhodes-graf en dies meer gaan kyk. Soos uit die voorgaande blyk, is Suid-Rhodesië egter nog maar — wat blanke bedrywighede daar betref — 'n baie jong land, en dit is ongetwyfeld vir 'n veel groter en intensiewer ontwikkeling vatbaar as wat dit tot nou toe gesien het. Dieselfde kan van Noord-Rhodesië gesê word, maar dié is in elk geval vir sy susterkolonie nog ver agter. Met sy blanke bevolking van slegs enige duisende moet Noord-Rhodesië op politieke gebied nog die eerste noemenswaardige bewyse van ontwikkeling toon, terwyl hy op ekonomiese gebied, afgesien van minerale-ontginning deur die British South Africa Company, ook nog nie in die diens van die witman getree het nie.

c. <u>Suidwes.</u>

Met Suidwes-Afrika het die blankes vir die eerste keer in 1485[16] kennis gemaak toe Diego Cam, die bekende Portugese seevaarder, 'n klipkruis sowat 60 myl noord van die huidige Swakopmund — op 'n plek wat vandag nog as die Kruiskaap (Cape Cross) bekend staan — laat oprig het. Daarna het die Portugese weer op die kus aangedoen, maar ná die stigting van die Kaapse volksplanting deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was dit

16) Vedder sê <u>1484</u> (Das alte Südwestafrika, p.1). Dit moet egter <u>1485</u> wees (Sien Welch, Europe's Discovery of South Africa, pp. 179-180 en voetnoot 397).

veral die Kompanjie wat getrag het om die kuste en die hinterland te verken. Verskeie skepe is uitgestuur, die *Grundel* (1670), die *Bode* (1677) en die *Murmin* (1793), maar alle pogings om die land van die seekant te ontsluit het op die onherbergsame Namib-woestyn skipbreuk gely, wat die weg na die binneland vir 'n lang tyd sou versper. Gevolgelik vind die ontsluiting meer oor land uit die suide plaas as vanaf die kus in die weste. Die landweg uit die suide was wel geen maklike weg nie, want die ontdekkers moes ook hier deur uitgestrekte dorre gebiede gaan, maar dié was in elk geval meer toeganklik as die Namib.

Jacobus Coetsé, die jagter-boer van Piketberg, was die voorloper: reeds in 1760 trek hy na die noorde, oor die Oranjerivier tot 'n dagreis anderkant die teenwoordige Warmbad. Na hom het verskeie ander baanbrekers gevolg, o.a. Hendrik Hop, Patterson, Wikar, Gordon, Willem van Reenen en Pieter Brand, wat almal nog vóór die end van die agtiende eeu hul spore steeds dieper die land in gaan druk het. Onder hierdie agtiende-eeuse pioniers was Willem van Reenen, 'n beroemde lid van daardie beroemde ou Kaapse familie, die vernaamste. In die jare 1791-1792 maak hy 'n uitgebreide reis wat hom verder as enige ander van die genoemde baanbrekers gebring het: oor Modderfontein (Keetmanshoop) trek hy nog veel verder noord, na die plek waar Rehoboth vandag lê, en bereik waarskynlik selfs die omgewing van die huidige Windhoek. By Modderfontein het hy 'n Afrikaner, Gideon Visagie, ontmoet wat toe alreeds met sy vrou daar gewoon en hom op boerdery en veehandel toegelê het. Die Visagies moes van die allereerste blanke inwoners van hierdie gebied gewees het, en soos dr. Vedder, die beste kenner van die vroeë geskiedenis van Suidwes, verklaar, was mev. Visagie, sover ons weet, die eerste blanke vrou „die in Südwest eine Häuslichkeit hatte."[17]

---

17) Das alte Südwestafrika, p.35. In hierdie werk (pp.1-39) word 'n oorsigtelike skildering van die vroeë pogings tot ontsluiting van Suidwes gegee. Die volledige mededelings van Coetsé, Wikar en Van Reenen is te vinde in Mossop, The Journal of Wikar (1779) and the Journals of Jacobus Coetsé Jansz: (1760) and Willem van Reenen (1791), Van Riebeeck-Vereniging No. 15.

In die loop van die negentiende eeu het 'n hele aantal ander ontdekkers gevolg, wat ná die voorbereidende werk van hul voorgangers, nou veel meer uitvoerige berigte omtrent die landstoestande en -inwoners kon doen. Die name is teveel om te noem, maar ons dink hier insonderheid aan J. E. Alexander (1836-1837), Galton (1851), Andersson (1851), en Chapman (1861).

Naas hierdie ontdekkingsreisigers het ook sendelinge hulle in toenemende getalle na die land begeef, en aangesien die Duitse ingryping in Suidwes tot 'n groot mate aan die sendelinge toe te skryf is, is dit nodig om 'n bietjie nader op hulle te let. Johannes Seidenfaden en die broers Abraham en Christiaan Albrecht, wat in 1805 aan die Kaap aangekom het, was van die eerste sendelinge om daar te gaan arbei. Daarna kom L. Ebner, Moffat, Edward Cook, John Archbell en J. H. Schmelen, die bekende stigter van die stasie Bethanië. Hierdie sendelinge — ook die Duitsers onder hulle — is nog almal deur die Londense en Wesleyaanse Sendinggenootskappe uitgestuur, maar in 1829 word die Rynse Sendinggenootskap selfstandig en enige jare later besluit hy om sy werkers ook na Suidwes te stuur, eers Hahn en Kleinschmidt wat aan die end van 1842 daar aankom, en daarna o.a. Gorth, Kreft, Krönlein, Eggert en Krapohl. Die gevolg was dat onder die sendelinge die Duitsers weldra 'n sterk meerderheid gehad het. Dit het gebeur in 'n tyd toe Duitsland nog geen koloniale aspirasies gehad het nie, sodat die uitsending van Duitse sendelinge geensins as 'n doelbewuste voorbereiding vir Duitse anneksasie beskou moet word nie.

Vanweë binnelandse toestande was daar vir die sendelinge in Suidwes egter geen rus en veiligheid nie. Die Nama en die Herero was byna voortdurend in botsing met mekaar, en daarby het nog die grenselose dwinglandy van die gewetelose Hottentot-vrybuiter uit die Kaapkolonie, Jager Afrikaner, gekom, wie se skrikbewind, na sy dood in 1823, deur sy seun Jonker onverminderd voortgeset is. Die Duitse sendelinge, wat hul lewens gedurig in gevaar en die voortsetting van hul werk eenvoudig onmoontlik gevind het,

het in 1868 by die Kaapse regering om beskerming aangeklop. Maar die Kaapkolonie, volkome in harmonie met die Britse regering, het aan die Oranje as sy noordwestelike grens vasgehou, en was nie bereid om die koste en verantwoordelikhede van die uitbreiding van sy gesag in hierdie rigting te aanvaar nie. Tien jaar later het Brittanje om strategiese redes wel Walvisbaai, die enigste goeie hawe op die lang, bykans ononderbroke kuslyn, geannekseer, maar op die smeekstem van die sendelinge is daar van Britse kant geen gehoor gegee nie.

Inmiddels het die geroep van die Duitse sendelinge, en ook van Duitse koopliede wat die gebied begin binnekom het, luider geword sodat Bismarck, onder heftige pressie wat daar in Duitsland op hom uitgeoefen is, verplig was om hom die lot van Suidwes aan te trek. Maar as hy moet handel, sou hy dit slegs na sorgvuldige oorweging en met groot versigtigheid doen.[18] In 1880, en weer in 1881, versoek hy die Britse regering om beskerming aan die Duitse sendelinge te verleen, maar elke keer ontvang hy van lord Granville, Britse minister van Buitelandse Sake, dieselfde negatiewe antwoord dat Brittanje, buite Walvisbaai om, geen jurisdiksie in Suidwes het nie. Toe Franz Lüderitz, koopman uit Bremen, in 1882 grond van inboorlinge in Suidwes begin koop en sy voorneme te kenne gee om daar handel te dryf, was dit vir die Rykskanselier nogeens rede om die Britse regering te nader. Granville het hom hierdie keer na die Kaapse regering verwys, maar ook dié het geen geneëntheid getoon om hom, afgesien van Walvisbaai, met die gebied te bemoei nie. Bismarck het die psigologiese moment aangegryp: op 24 April 1884 is Lüderitz met sy hele onderneming onder beskerming van die Duitse Ryk geplaas, en daarop die ~~die~~ Duitse vlag by Angra Pequena (Lüderitzbucht) gehys.[19]

---

18) Duitsland het maar pas in 1871 'n staatkundige eenheid geword; hy het nog geen noemenswaardige vloot gehad nie; en as hy hom oorhaastig op koloniale gebied begeef, sou hy sy kwetsbaarheid verhoog — dit was in kort die standpunt van Bismarck (Sien Keller, Colonization, pp. 535-543).

19) Bismarck - Graaf Munster, 1 Junie 1884 (Grosse Politik der Europäischen Kabinette, 1871-1914, IV, p. 62 en eerste voetnoot). Sien ook Hertslet, The Map of Africa by Treaty, I, pp. 317-319.

Onsteltenis het in Engeland en die Kaapkolonie gevolg, en luide proteste is gehoor maar dit was te laat; Engeland was verplig om die Duitse besitname van Suidwes te erken. Volgens 'n Engels-Duitse ooreenkoms van Julie 1890 is die grense van Duits Suidwes-Afrika finaal vasgestel, en hiervolgens het Duitsland ook in besit van 'n smal strokie land gekom, wat uit die noorde van Suidwes soos 'n wysvinger na die Sambesie wys en dit net aanroer, d.i. die ~~bekende~~ Caprivi Zipfel wat die Duitse kolonie in verbinding met die grootste rivier van suidelike Afrika gebring het.[20] Bismarck se diplomasie was dus ook hier, net soos in verband met die unifikasie van Duitsland, besonder suksesvol.

Na die verkryging van Suidwes, wat die eerste Duitse kolonie in Afrika was, het Duitsland hom voor die moeilike taak gevind om rus en orde daar te vestig en te bestendig. Hendrik Witbooi, die Hottentotkaptein van Gibeon, wat in 1888 teen Maharero, die Herero-opperhoof by Okahandja, opgetrek het maar tegelykertyd sy aanvalle teen die Duitse beamptes gerig het, was die eerste om die Duitse bewind hoofbrekens te besorg. Eers na die aankoms van versterkings uit Duitsland kon kapt. Von François die offensief neem: hy druk die Witboois terug, lê Windhoek aan, en laat dan vanuit hierdie strategiese punt, min of meer in die middel van die gebied, die Duitse gesag geld. Toe Witbooi in 1894 beslissend verslaan is, was hierdie veldtog verby, maar rus en vrede was nog glad nie verseker nie, want lokale opstande het in die volgende jare dikwels voorgekom en sowel koloniste as militaire moes gedurig op hul hoede wees. Die eintlike krisis-tyd vir Suidwes het ook eers in 1900 aangebreek.

As gevolg van grondaankoop deur koloniste en die opeising van beeste ter betaling van verkogte goedere deur blanke smouse het die Nama en die Herero hulle veronreg gevoel, aangesien hulle grond en beeste as onontvreembare stameiendom beskou het. Vir die koloniste, wat met die inboorlingopvatting onbekend was en ter goeder trou gehandel het, het daar 'n besonder ernstige toe-

20) Vgl. Hertslet, The Map of Africa by Treaty, II, pp. 645-646.

stand ontstaan: Nama en Herero vergeet hul eie ou stamtwiste en begin hulle albei teen die witman aangord.

Die stryd het in die suide begin toe die Bondelswarts in 1900 in opstand gekom het. Hierdie opstand was op sigself nie baie ernstig nie, maar dit het nietemin tot 1904 geduur voordat maj. Theodor Leutwein[21)] dit kon onderdruk, en onderwyl het die Herero en die Nama in die noorde hul kans waargeneem. Samuel Maharero het weldra 50,000 Herero-krygers in die veld gehad, van wie sowat 6,000 met gewere – hoofsaaklik deur Walvisbaai verkry – gewapen was. Leutwein moes hom, ná afhandeling van sy taak in die suide, na die noorde haas, maar toe was alreeds 123 blankes om die lewe gebring. Leutwein se werk is hier deur genl. Von Trotha voortgeset, wat met behulp van versterkings uit Duitsland op besliste wyse die offensief geneem het en die kragtige Herero-teenstand in 1905 volkome gebreek het. Intussen het die oorlog ook in Namaland begin, waar Hendrik Witbooi op sy oudag nogeens die aanstigter van die stryd was, en saam met Simon Koper vir die Duitse owerheid 'n gevaarlike toestand geskep het. Eweas met die Herero moes ook met hierdie Hottentot-vyande versigtig gehandel word, want ook hulle het oor honderde gewere beskik. Toe genl. Von Trotha egter sy hande in Hereroland vrygekry het, het hy met eweveel sukses in Namaland opgetree: Hendrik Witbooi het ~~self~~ gesneuwel en daarna is ook die ander hoofmanne beslissend verslaan, sodat vroeg in 1907 ook in Namaland die vrede herstel is. In 1907 het dus sewe jaar van woeling en stryd in Suidwes geëindig. In hierdie jare het oor die 2,000 blankes die lewe ingeskiet, maar die krisistyd was verby, en, danksy die ferme optrede van die Duitse gesagvoerders, kon ernstige en doelbewuste kolonisasiewerk nou ongehinderd voortgaan.

Nou het juis ook die tyd aangebreek toe op bestuurlike gebied groter voorregte aan die koloniste gegee kon word. Voorheen het bestuur en administrasie, soos in baie ander jong kolonies, in hoofsaak van 'n geoktrooieerde maatskappy uitgegaan, die

21) Eerstehandse gegewens in verband met hierdie krisistyd word deur Leutwein self meegedeel. Sien sy Elf Jahre Gouverneur in Deutsch-Südwestafrika.

Deutsche Kolonialgesellschaft für Südwestafrika, wat na die dood van Lüderitz (1886) sy bates oorgeneem het en wat veral vir militaire doeleindes van staatsweë sterk gesteun is. In 1906 is daar ook wel reeds 'n benoemde Goewermentsraad opgerig, maar dit was eers in 1909 dat die koloniste seggingskap begin kry het toe gekose gemeenterade, m.a.w. selfregering vir distrikte, ingevoer is. In die volgende jaar is die voorregte van die Kolonialgesellschaft ingekort sodat hy hom in die vervolg tot kommersiële bedrywighede sou beperk, en daarna kon die Landesrat, d.i. 'n verteenwoordigende wetgewende vergadering, in die lewe geroep word. Deur die uitbreek van die Wêreldoorlog is die konstusionele ontwikkeling egter vir 'n tydlank onderbreek.

Op ekonomiese gebied het Suidwes onder die Duitse bewind stadig maar seker vooruitgegaan. Eksploitasie van die gebied was eers die taak van die Kolonialgesellschaft, maar omdat die maatskappy met 'n kroniese gebrek aan fondse te kampe gehad het, was hy eintlik meer 'n struikelblok as 'n hulpmiddel vir ekonomiese vooruitgang, en was die inkorting van sy magte dus beslis tot voordeel van die kolonie in die algemeen. Alhoewel daar met verloop van tyd diamante en ander minerale in Suidwes ontdek is, het die ekonomiese toekoms van die koloniste in die boerdery gelê, d.w.s. die ekstensiewe veeboerdery wat vanweë die landsomstandighede die aangewese vorm van boerdery is. Dit was egter noodsaaklik om koloniste van die regte tipe te kry, waarvoor die Duitse regering hom inderdaad ook sterk beywer het. Afrikanerboere wat reeds vóór, maar eintlik veral ná, die Tweede Vryheidsoorlog na Suidwes getrek het,[22] is verwelkom, en daarby is nog sorg gedra dat koloniste uit Europa die nodige kapitaal besit om 'n goeie begin met die ekstensiewe boerdery te maak. Van groot belang in verband met die boerdery is ook die feit dat die Duitse regering tussen 1909 en 1914 kuddetjies karakoelskape ingevoer het; dit was 'n besonder verstandige stap aangesien die karakoel binne korte tyd 'n vername rol in die ekonomiese ont-

22) Vir ervarings en lotgevalle van Afrikanerboere sien Visser, Herinneringe van Suidwes-Voortrekkers.

wikkeling van Suidwes gespeel het. Onderwyl is ook doeltref-fende spoorweë aangelê, wat in die land met sy groot afstande vervoer aanmerklik vergemaklik het.

Toe die Wêreldoorlog in 1914 begin het, was genl. Botha — die destydse eerste minister van die Unie — eers nie van plan om Unie troepe buite die Uniegrense te laat optree nie, maar na 'n pertinente versoek van die Britse regering dat die Unieregering teen Suidwes optrek, het genl. Botha van standpunt verander en besluit om aan die versoek te voldoen. Alhoewel baie Afrikaners sterk hierteen gekant was, en die Rebellie selfs uitgebreek het, het die Botha-regering voortgegaan: in 'n veeleisende veldtog van September 1914 tot Julie 1915 het genl. Botha, bygestaan deur genl. Smuts wat in April 1915 in die suide aan die hoof gestel is, Suidwes verower. Krygswet is nou daar uitgeroep wat tot ná die vredesluiting, t.w. tot die end van 1920, van krag gebly het.

Die volgende jaar het egter die invoer van burgerlike bestuur onder 'n Administrateur gesien, iets wat ooreenkomstig 'n mandaat van die Volkebond (dd. Genève 17 Desember 1920) deur die Unie gedoen is. As mandataris het die Unie daarna verskeie wysigings in die bestuur aangebring, veral deur Wet No. 42 van 1925 wat aan Suidwes sy huidige bestuursorganisasie gegee het. Daarvolgens word die land bestuur deur (a) 'n Administrateur wat aan die hoof van die Regering staan en deur die Unieregering benoem word; (b) 'n Uitvoerende Komitee bestaande uit die Administrateur as voorsitter en vier ander lede deur die Wetgewende Vergadering gekies; (c) 'n Raad van Advies, ook onder die Administrateur as voorsitter, en bestaande uit die lede van die Uitvoerende Komitee plus drie ander lede wat deur die Administrateur benoem word; en (d) 'n Wetgewende Vergadering wat uit agtien lede bestaan van wie twaalf deur die geregistreerde kiesers gekies word en ses deur die Administrateur benoem word; die Vergadering mag by wyse van ordonnansie wetgewing met betrekking tot plaaslike aangeleent-hede passeer, uitgesonderd dié wat spesiaal aan sy bevoegdheid onttrek word soos naturellesake, militaire organisasie, geregs-

howe, immigrasie, spoorweë, myne, betaalmiddele en banke. Dit sal dus duidelik wees dat die mandaatgebied vandag verteenwoordigende bestuur het, maar nog nie tot die stadium van verantwoordelike regering gekom het nie.

Wat lokale bestuur in dorpe en distrikte betref, is na die oorlog meer en meer gebruike van die Unie ingevoer. Deur middel van verskillende maatreëls, b.v. die Munisipale Proklamasie van 1920 en die Munisipale Ordonnansie van 1935, is daar vir munisipaliteite en dorpsbestuurrade voorsiening gemaak, terwyl in die sewentien magistraatsdistrikte waarin die gebied verdeel is, die magistrate, naas hul regterlike pligte, ook administratiewe pligte te vervul het.

Waar die blanke bevolking van Suidwes in 1914 omtrent 15,000 getel het, het dit na die Wêreldoorlog, veral as gevolg van immigrasie uit die Unie, aanmerklik toegeneem sodat dit volgens die sensus van 1921 op 19,000 gestaan het. Dit was egter veral in die jare ná 1926 dat baie boere, sommige met heelwat kapitaal, uit die Kaapprovinsie, die Vrystaat en Transvaal, daarheen verhuis het, en bowendien is in 1928 en 1929 die Angolaboere, sowat 350 huisgesinne of altesame 1900 siele, in die distrikte Gibeon, Gobabis, Otjiwarongo en Grootfontein gevestig. Die gevolg was dat die blanke bevolkingsyfer volgens die sensus van 1936 tot byna 32,000 geklim het. Hierteenoor staan egter, net soos in die Unie, 'n veel groter gekleurde bevolking: Bantoe, Hottentotte en kleurlinge tel in 1936 altesame ongeveer 300,000.

Gepaard gaande met die vermeerdering van die blanke bevolking het ook blanke bedrywe aanmerklik uitgebrei. Sommige boere uit die Unie het eers hul merinoboerdery in Suidwes probeer voortset, maar moes in die harde leerskool van die ondervinding algou uitvind dat die merino daar swak beantwoord, en dat die glansige swart krulletjies van die karakoellammervelletjies vir hulle veel meer kon inbring. Gevolgelik het die karakoelboerdery aansienlik toegeneem en inderdaad ook die ekonomiese redding van menige boer geword. In 1938 was daar oor die twee

miljoen karakoelskape in die gebied terwyl karakoelvelletjies ter waarde van oor die miljoen pond uitgevoer is. Die karakoelteelt is die vernaamste vorm van boerdery, maar daarnaas het in die sentrale en meer noordelike dele van die land ook beesboerdery opgang gemaak; die stede van die Unie, veral Johannesburg, vorm die vernaamste afsetgebied vir die beesboere van die mandaatgebied. Alhoewel die ekstensiewe veeboerdery op 'n taamlike groot skaal in Suidwes moontlik is, is die natuurlike toestande van so 'n aard dat die akkerbou altyd baie beperk moet bly. Dit word slegs op sekere plekke beoefen soos in die Grootfonteinse distrik waar die reënval voldoende is, en langs die Ouprivier en die Nosobrivier, waar artesiese water of vloedwater besproeiing moontlik maak.

Eindelik moet ook die mynbou van Suidwes vermeld word. 'n Groot verskeidenheid van minerale kom daar voor, waaronder diamante, wat op verskeie plekke langs die kus gevind word, en kopererts en neweprodukte, hoofsaaklik van Tsumeb in Grootfontein, die vernaamste is. Die inkomste uit hierdie delfstowwe is egter, anders as dié uit die boerdery, nie inkomste van die landsinwoners self nie, maar van enkele maatskappye, vernaamlik die Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft en die South West Africa Company.[23]

Die toestande wat hier geskets is, toon aan dat Suidwes op verskillende gebiede alreeds heelwat ontwikkeling deurgemaak het. Die ontwikkeling staan wel nog ver agter by dié in die Unie, maar as 'n mens die landsomstandighede in die mandaatgebied in aanmerking neem, asook die feit dat sistematiese en ernstige ontginning maar eers ná 1907 moontlik geword het, dan moet 'n mens konstateer dat die tempo van vooruitgang besonder snel was.

Die voorgaande toon aan dat die witman alreeds baie vroeg met ons buurlande kennisgemaak het, maar dat dit lank geduur het —

---

[23] Besonderhede i.s. bestuur en ekonomiese toestande in Suidwes ná 1918 is hoofsaaklik ontleen aan die Offisiële Jaarboeke van die Unie, No. 5 (1910-1921), No. 8 (1910-1925), No. 10 (1927-1928), No. 16 (1933-1934) en No. 20 (1939).

veel langer as in ons eie land — voordat daardie gebiede kolonisasie-terreine vir die witman geword het en in die diens van die Europese beskawing gestel is. Alhoewel ons buurlande hul eie probleme en hul eie lokale geskiedenis gehad het, het hulle nietemin dikwels in historiese verband met Suid-Afrika te staan gekom. Ons het gesien hoedat Boerebaanbrekers en andere uit Suid-Afrika tot hul ontsluiting bygedra het, en ook hoedat politieke vraagstukke ontstaan het wat nie sonder wrywing, en soms selfs nie sonder wapengeweld, opgelos is nie. Bowendien het daar ekonomiese betrekkinge ontstaan, en het ons bure in die moderne tyd vir die afset van sommige produkte tot 'n groot mate van die Unie afhanklik geword. So het ons meer en meer met hulle in aanraking gekom, en dit moes inderdaad ook die geval wees, want in die Afrikaanse sub-kontinent, soos in die wêreld in die algemeen, kon gedurende die negentiende en veral die twintigste eeu geen bewoonbare land meer 'n afgeslote eiland in die see van ondernemende denke en doen bly nie.

## LITERATUUR EN BRONNE.

### A. LITERATUUR.


Blumhagen, H., Entscheidungsjahre in Deutsch-Südwestafrika, Berlyn, 1939.

Blumhagen, H., Südwestafrika, einst und jetzt, Berlyn 1934.

Cambridge History of the British Empire, VIII (South Africa, Rhodesia and the Protectorates), Cambridge 1936.

de Lannoy, Ch.,
en Van der Linden, H., Histoire de l'Expansion Coloniale des Peuples Européens (Portugal et Espagne), Brussel 1907.

Engelbrecht, S.P., Thomas Francois Burgers. Pretoria en Kaapstad 1933.

Hensman, H., A History of Rhodesia, Edinburgh en Londen 1900.

Hole, H. M., The Making of Rhodesia, Londen 1926.

Hone, P. F., Southern Rhodesia, Londen 1909.

Johnston, H. H., The Colonization of Africa, Cambridge 1899.

Keller, A. G., Colonization, A Study of the Founding of New Societies, Boston, Nu-York, Chicago en Londen 1908.

Keltie, J. S., The Partition of Africa, Londen 1895.

Krüger, D. W., Die Weg na die See (Argief-Jaarboek vir Suid Afr. Geskiedenis, Eerste Jaargang, Deel I, Kaapstad 1938).

le Roux, S. D., Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika, 1760-1890, Kaapstad 1940.

Malcolm, D. O., The British South Africa Company, Londen 1939.

Meyer, H., Das portugiesische Kolonialreich der Gegenwart, Berlyn 1918.

Millin, S. G., Rhodes, 1933.

Nathan, M., Die Epos van Trigardt en Van Rensburg, Pretoria 1938.

Supan, A., Die territoriale Entwicklung der europäischen Kolonien, Gotha 1906.

Theal, G. M., History of South Africa before 1795, 3 dele, Londen 1909-1916.

Theal, G. M., History of South Africa since 1795 (1795-1872), 5 dele, Londen 1915-1920.

Theal, G. M., History of South Africa from 1873 to 1884, 2 dele, Londen 1919.

Valentin, V., Kolonialgeschichte der Neuzeit, Tübingen 1915.

van Winter, P.J., Onder Krugers Hollanders, 2 dele, Amsterdam 1937 en 1938.

Vedder, H., Das alte Südwestafrika, Berlyn 1934. Afrikaanse vertaling deur H. Rooseboom (Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, Windhoek 1937).

Walker, E. A., Lord de Villiers and his Times, Londen, Bombaai en Sydney 1925.

Zimmermann, E., Unsere Kolonien, Berlyn en Weenen 1912.

B. <u>BRONNE.</u>

Grosse Politik der Europäischen Kabinette, 1871-1914, IV (Die Dreibundmächte und England), Berlyn 1922.

Headlam, C., The Milner Papers, I, Londen 1933.

Hertslet, E., The Map of Africa by Treaty, 2 dele, Londen 1894.

Leutwein, T., Elf Jahre Gouverneur in Deutsch-Südwestafrika, Berlin 1906.

Manual of Portuguese East Africa (Geographical Section of the Naval Intelligence Division, Admiralty), Londen 1920.

Mossop, E. E., The Journal of Hendrik Jacob Wikar (1779) and the Journals of Jacobus Coetsé Jansz: (1760) and Willem van Reenen (1791). Van Riebeeck-Vereniging, No. 15, Kaapstad 1935.

Newton, A. P., Select Documents relating to the Unification of

South Africa, 2 dele, Londen 1924.

Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika, No. 5 (1910-1921), No. 8 (1910-1925), No. 10 (1927-1928), No. 16 (1933-1934) en No. 20 (1939).

Preller, G. S., Dagboek van Louis Trigardt, Bloemfontein 1917.

Preller, G. S., Voortrekkermense, II, Kaapstad 1920.

Seitz, T., Vom Aufstieg und Niederbruch deutscher Kolonialmacht (Erinnerungen von Dr. Theodor Seitz, ehemals Gouverneur von Kamerun und Südwestafrika), III, Karlsruhe 1929.

South African National Convention, 1908-1909; Minutes of Proceedings and Annexures, Kaapstad 1911.

Theal, G. M., Records of South-Eastern Africa, 9 dele, Londen 1898-1903.

Visser, P. G., Herinneringe van Suidwes-Voortrekkers, Kaapstad 1940.